UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH BESTUURSKOOL OP RANGLYS

VAN TOP 40 IN WÊRELD EN NOMMER 1 IN AFRIKA

21 Oktober 2009 – Die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) het meer as 30 plekke opgeskuif om homself as een van die top 40 van die 100 voorste bestuurskole in die wêreld te posisioneer volgens die Aspen-Instituut se 2009-10 uitgawe van sy alternatiewe *Beyond Grey Pinstripes*-opname.

Die USB het volgens die nuwe lys 31 plekke boontoe geskuif om die 39ste plek op die ranglys te beklee. Die USB is ook die enigste bestuurskool in Suid-Afrika én op die Afrika-vasteland wat op die Top 100-lys verskyn.

Hoewel daar ’n verskeidenheid MBA-ranglyste bestaan, is die Aspen-Instituut se *Beyond Grey Pinstripes*-opname die enigste een wat verder as reputasie en toetsuitslae kyk om te bepaal hoe goed skole hul studente vir die omgewings-, maatskaplike en etiese kompleksiteite van die moderne sakewêreld voorberei.

“In hierdie uitdagende ekonomiese tye is dit nie net studente nie, maar ook die algemene publiek wat vra wat met die gevestigde sakemodelle verkeerd geloop het,” sê Rich Leimsider, direkteur van die Aspen-Instituut se Sentrum vir Sakeopleiding.

“*Beyond Grey Pinstripes*-skole dink sinvol na oor nuwe benaderings. Hulle berei studente voor wat ’n meer holistiese siening van sakesukses het, veral een wat finansiële resultate sowel as maatskaplike en omgewingsimpak meet,” sê Leimsider.

Resultate van die Aspen-Instituut se opname, wat data van 149 bestuurskole versamel het, het bevind dat 69% van die skole in 2009 van studente vereis om ’n kursus oor sake- en gemeenskapskwessies te volg. In 2001 was dit ’n vereiste by 34% van die skole en in 2007 by 63% van die skole.

Prof Eon Smit, direkteur van die USB, sê die opname bevestig dat die USB beduidende leierskap toon in sy inisiatiewe om maatskaplike, omgewings- en etiese kwessies in sy MBA-program te integreer. “Die gebeure van die afgelope jaar het weer eens die behoefte aan groter klem op etiek in sake na vore gebring.”

“Die USB volg die visie van ’n ‘pedagogie van hoop’, soos uitgedruk deur die Universiteit van Stellenbosch se visekanselier, professor Russel Botman, vir Suid-Afrika en die groter Afrika-vasteland. Daarom het die USB navorsingsentrums geskep wat onder meer klem lê op volhoubare leierskapontwikkeling, konflikoplossing, bestuurstoesig en etiek, en die rol van sake in die gemeenskap. In die opleidingsproses word hernieude klem op persoonlike ontwikkeling, geïntegreerde kursusaflewering en die koestering van positiewe waardes en houdings geplaas terwyl die analitiese ruggraat van ons internasionaal geakkrediteerde MBA onaangeraak bly,” sê prof Smit.

Sake-etiek en korporatiewe bestuurstoesig het die afgelope 20 jaar, en lank vóór die huidige finansiële krisis, ’n belangrike deel van die USB se MBA gevorm. Die USB was die eerste Suid-Afrikaanse bestuurskool om dit deel van sy MBA-program te maak en was ook internasionaal een van die eerste bestuurskole om dit te doen.

Die USB se MBA sluit ’n aantal keusevakke in wat ook aandag aan hierdie kwessies skenk. Dit sluit in Omgewingsfinansies, Volhoubare Ondernemings, Spirituele Leierskap en Toegepaste Veranderingsleierskap.

-Einde-

Meer oor die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
Die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) het sedert sy totstandkoming in 1964 ’n gerekende speler in die internasionale sakeskoolgemeenskap geword. Die skool se studentetal neem jaarliks toe en daar is tans 650 MBA-studente, sowat 150 ander Meestersgraadstudente, 26 PhD-studente en ’n paar duisend studente wat die wye verskeidenheid korter kursusse in bestuursontwikkeling volg. Die USB MBA bied ’n stewige teoretiese onderbou vir die praktiese, regte-wêreld toepassing van bestuurs- en leierskapbevoegdhede in enige sakesektor in Suid-Afrika, op die Afrika-vasteland sowel as in die globale sakegemeenskap. Die USB is die enigste bestuurskool van ’n Suid-Afrikaanse universiteit met twee internasionale akkreditasies: EQUIS van die European Foundation for Management Development en AMBA van die Association of MBAs. Kry meer inligting by www.usb.ac.za.